

Maandag 19 Desember

Skrifgedeelte: Jesaja 18

Fokusgedeelte: Jesaja 18:7

Wag gelowig tot Christus op sy tyd die goddelose magte verdeel

Die hart van hul wat U bely ... kom tot rus in die wete dat God regeer – dit is nie nodig om rond te skarrel en koalisis teen bedreigings te vorm nie. So maak die wêreld: bedreig en oorheers mekaar, soos die see altyd onrustig. Die land aan die riviere van Kus (vandag Soedan) stuur gesante na Jerusalem om samewerking teen magtige vyande (o.a. Assirië) te soek. Die Here sê: Gaan terug. Hy sien alles en bepaal die tye.

Die opkoms van wêreldmagte is bedrieglik. Dit lyk of hulle alle mag het, maar die Here werk ongestoord en hulle hinder Hom nie. Wanneer hulle oorheersing onstuitbaar uitbrei, soos die wingerdlate geil alles toerank terwyl die vrugte ryp word – dan, voor die oes ryp is, snoei die Here. Alles word voor die voet afgesnoei – ranke, vrugte, al die prag en opbrengs – en bly daar lê. Onwaardig uitgelewer aan die voëls en wilde diere in hierdie beeld. So vernietig die Here magtiges op sy tyd.

Die kerk van die Here is dikwels slagoffers van hierdie maglustiges se samespanning. Die uiterste voorbeeld is hoe teenoorstaande groepe soos die Fariseërs, Sadduseër en andere saamgestaan het teen die een gemeenskaplike vyand wat hulle aansien by die volk bedreig het: Jesus van Nasaret. Hulle het nie gerus voordat hulle Hom gekruisig het nie. Tog het Hy nie teen hulle steun gewerf nie, Hy het nie sy dissipels gemonster en weerstand gebied nie. Hy het Homself oorgegee.

Hierdie volle gehoorsaamheid maak van sy daad die hoogste profesie van God wat rustig uit sy woonplek die aarde beskou (vs 4) en ongestoord sy werk voortsit. Kus sou egter verstom staan oor wat God doen en na Sion geskenke bring. Jesus het opgestaan en van alle nasies kom mense na Hom. Vandag het Christus alle mag en regeer totdat Hy sy vyande aan sy voete onderwerp het. Die hart van hul wat Hom bely, vind tydens onheil die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan en oor ons hart en gedagte die wag hou. Ons geloof anker in die groot dinge wat God gedoen het. Of ons uit onheil verlos word of nie, op sy tyd sal Hy die oordeel voltrek. Nou is Hy by ons en in ewigheid sal Hy ons die heerlikheid laat beërwe.

Sing: Psalm 72:1, 5, 6 (1936); Psalm 72:1, 3, 6 (2001); Psalm 2

Ds. J (Jan) Malan (Burgersdorp)